ds. PJ Kriel 10.01.2016

Inhoud. God breek deur die droogte die ekonomiese plundering van ŉ goddelose owerheid en gemeenskap, wat vyandig teenoor die landbougemeenskap is, sonder om gelowiges deur droogte te straf.

Skriflesing: Habakuk 1:1- 4, 11; 2: 4 – 13; 3: 17 – 19; Galasiërs 3: 9-14.

Teks Hab.2: 4 "Maar die regverdige deur die geloof sal hy lewe."

Tema: God laat ons in de geloof in sy goedheid leef terwyl Hy die leefwêreld wat goddeloses in hulle eiemagtigheid opgebou het vernietig.

1.Hierdie knellende droogte waarin ons nou al dieper vasgetrek word, is vir ons as gemeenskap meer as net die swaarkry van verliese en ontbering omdat dit nie reën nie.

Dit is nie die enigste benoudheid waarmee ons worstel omdat dit nie soos gewoonlik reën nie.

Die laaste droogte van hierdie omvang in die vroeg negentiger jare het ons geboer met die versekering van staatsondersteuning: die owerheid was boere goedgesind en het die kragte van die gemeenskap gemobiliseer om uitkoms uit nood te gee.

Ons kon met sekerheid en hoop van ondersteuning deur die droogte worstel.

Hierdie droogte is anders!

Nou moet ons nie net die swaarkry van die droogte dra nie, maar die swaarkry dra van die vyandigheid van die owerheid teen ons as boerderygemeenskap asof ons ŉ onregmatig bestaan voer en eintlik krimineel is omdat ons plase het en boer.

In hulle wettelose plundering van die land is hierdie droogte ŉ wapen waardeur hulle:

1.Hulle onteieningsdrif kan uitvoer en

2. daarmee saam die ellende van plundering van die land se bronne, infrastruktuur en produksie die komende hongersnood weer aan ons gaan toeskryf.

Daarom is die werklike nood van hierdie droogte die wete dat ons deur die droogte aan die mag van hierdie wettelose owerheid uitgelewer is.

2.Dit is hierdie tipe nood wat die profeet Habakuk voor God uitstort as klag: swaarkry van die ontbering en verlies deur die plundering van die magtiges.

Eintlik kan ʼn mens net die boek as preek lees want dit sê alles van ons eie omstandighede.  Ons kan dit net toepaslik maak met verwysings uit ons eie omstandighede wat ons aan die teks kan verbind.

Die ironie van ons eie situasie word op ʼn treffende wyse vir ʼn soortgelyke situasie in Habakuk uitgewys: “Selfs die klippe in die mure skreeu oor wat jy gedoen het en die balke skreeu saam.” 2:11

Dit is soos met al die nuwe dubbelverdieping en drieverdieping huise wat in Pietersburg gebou is en gebou word: Habakuk stel dat hierdie gebou is deur die geknoeiery van hulle wat hulle ten koste van die gemeenskap self verryk en dink dat hulle geld hulle teen die gevolge van hulle plundering kan beveilig.

Hierdie opbou van hierdie tipe rykdom noem Habakuk: “Ellende wag vir hom wat ʼn stad bou met moord wat ʼn dorp aanlê met onreg.” 2:12

Daarom roep die mure en dakke van die hierdie huise uit teen die korrupsie van die magtiges en is dit ʼn kreet wat die nood van hulle wat hierdie verliese moet dra en die ontbering van hierdie plundering mee moet saamleef.

3. Wat doen hierdie droogte?

Dit stel die korrupsie aan die orde: die opbou van rykdom deur bates te plunder.  In die oorvloed van reën en oorvloedige landbouproduksie was die krake van die verbrokkeling van die gemeenskap nie sigbaar nie, maar die te kort en verliese wat die droogte afbring wys nou al die verbrokkeling.

Habakuk beskryf hierdie verbrokkeling van die ekonomie deur roofwins en die illusie van welvaart as volg:

“Ellende wag vir hom wat hom verryk met goed wat nie syne is nie, wat vir hom al meer goed inpalm wat verpand is.  Hoe lank sal dit nog voortduur?  Die tyd kom vinnig nader dat jy self in die skuld sal wees dat die skuldeisers vir wie jy sidder self voor jul deur sal staan.” 2:6

Dit is die waanbeeld van welvaart en die verbrokkeling van die ekonomie deur ʼn plundering, waaraan die hele wêreld deelgeneem het, wat ons geld nou waardeloos en die kos wat nog beskikbaar gaan wees in die droogte onbekostigbaar gaan maak.

Wat dink u is die opbouende woede in die gemeenskap deur die droogte

en

op wie word die woede oor hierdie ontbloting van die verbrokkeling van die land se ekonomie van plundering gefokus?

Dit is teen die boere wat en en deur die droogte probeer om kos te produseer! Dit is teen ons. Die president het die sopas weer gedoen om elke landbouer te kriminaliseer vir die grond wat hy besit.

Die droogte maak dat ons die oorsaak gaan wees vir die hongersnood deur die wanorde van die owerheid wat nie kos behoorlik kan invoer, stoor en versprei nie en ons eie ekonomie waardeloos gemaak het vir in en uitvoere.

4.Wie is die oorsaak van die droogte en die ontbloting van hierdie illusie van welvaart en voorspoed?

Habakuk is onverskrokke in sy aankondiging: dit is God!

Hy stel dit só: "Jy sal self met skande in plaas van met eer oorlaai word, jy sal self dronk word en jou ontbloot.  Die Here sal jou die oordeelsbeker wat in sy hand is, gee om te drink, en jou eer sal in skande verander word. Jou geweld (teen ander) sal jouself tref." 2:16

God self maak die eer en roem van hierdie roofkultuur tot skande en God ontbloot die selfgemaakte mag tot skaamte.

Dit is die rede hoekom goddeloses regverdiges die fokus van hulle woede maak as hulle in hulle eie eerloosheid ontbloot word:

Hulle is woedend oor wat God met hulle doen, maar hulle kan niks teen God doen vir hierdie magtige dade van God nie. Daarom fokus hulle hul woede teen die wat die Here dien. Hulle wil nie dat die illusie en waan van hulle eie mag en welvaart vernietig word nie.

En dit is presies wat God besig is om deur hierdie droogte te doen.

5. Staan God ver en afsydig teenoor ons as sy kinders in hierdie woede wat mense op ons uithaal oor wat God met hulle doen?

Dit is die diepste deel van die klag van Habakuk teen God:

“Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is?… Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.” 1:3 en 4.

Ons kan dit in ons eie omstandighede so verwoord: Gaan God net toekyk terwyl ons wat die Here dien en nog kos produseer en werk deur ons geloof in Hom die sondebok gaan word oor wat God met hierdie droogte met hierdie goddeloosheid gaan doen?

Habakuk antwoord self sy eie klag in sy gebed in hoofstuk 3:

“U het uitgegaan om u volk te red, om u gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone. Met sy eie pyle deurboor U die aanvoerder wanneer sy manskappe uitstorm om ons te verstrooi.” 3: 13.

God is nie ŉ lafhartige afgod wat iewers wegkruip wanneer sy kinders die woede moet dra vir wat Hy met goddeloses doen nie. Die woede van mense teen God se ontblotende en vernietigende oordeel waarin alle waan en pseudowêrelde vernietig word, is teen God en God antwoord hierdie woede self.

In die verliese, die ontbering en die ontbloting van hierdie droogte maak keer Hy goddeloses se woede teen Hom teen hulle self en maak hulle woede net nog ŉ selfvernietigende mag waardeur hulle hul self verteer.

6.Dit is deur hierdie insig in God se voorsienige raadsplan dat Habakuk dan binne die verlies en ontbering in hierdie plundergeweld die diepste geloofsbelydenis in God se liefde vir sy kinders maak:

Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerd wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees,

nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder!”

Ons mag ons nie met hierdie geloofsbelydenis misgis nie!

Dit is glad nie ŉ verklaring dat swaarkry eintlik lekker is nie, so asof gelowiges masochiste is nie.

Nog minder is dit ŉ verklaring dat swaarkry nie regtig swaarkry is nie omdat ons iewers ŉ skans sou hê om nie regtig swaar te kry in verliese en ontberings nie.

Ons moet onthou dat landbou in hierdie gemeenskap nie net 10% van die ekonomie was nie, so asof die ekonomie soos vandag kan voortgaan en welvaart eintlik landbou rampe kan oorleef nie.

Dit was die enigste ekonomie: daarom word met hierdie belydenis die ineenstorting van die hele ekonomie aan die orde gestel: die hele ekonomie stort ineen sodat daar niks te koop of te verkoop is nie.

7.Binne hierdie werklikheid beteken die geloofsbelydenis dat wanneer God hierdie roofekonomie heeltemal ontbloot en tot 'n einde bring met al die ellende wat dit te weeg bring, sal die regverdige dit nooit as oordeel oor homself sien nie.

Die verbrokkeling van hierdie roofekonomie met al die hongersnood en armoede wat dit te weeg bring is en kan nooit God se oordeel en straf wees oor die regverdige nie.

Dit is God se oordeel oor die goddelose, nooit oor die regverdige nie.

Daarom bly die regverdige Hom innerlik verheug en verbly in God binne hierdie rampspoedigheid want dit het geen refleksie oor God se liefde en goedheid vir sy kinders in hierdie omstandighede nie.

Binne hierdie rampspoedigheid wat God oor so goddelose roofkultuur afbring is en bly sy kinders in sy liefde en sorg.

8.Dit gee aan die regverdige 'n totaal nuwe lewenswyse binne hierdie ellende wat God oor 'n goddelose gemeenskap bring: Habakuk noem dit in 2: 4 Die regverdige deur sy geloof sal hy lewe!

Hoe leef die regverdige in hierdie geloof binne hierdie ellende?

Habakuk noem twee besondere dele van hierdie geloofslewe: 3:16 53 vertaling "om rustig te wag op die dag van benoudheid dat dit aanbreek vir die volk wat op ons aanval maak."

en

om met die voete van 'n ribbok op hoë plekke veilig te loop.

Wat beteken dit?

Om rustig te wag op die dag van benoudheid!

In hierdie droogte met die spesifieke woede wat teen ons gefokus word oor die ellende wat hierdie droogte gaan bring beteken dit dat ons nie maak of hierdie benoudheid nie gaan kom nie.

Die gelowige ontken nie storms en stormgeweld nie. Hy staan rustig en kyk hoe die storm opsteek en nader kom en uitbreek!

Hoekom rustig? Want dit is God se droogte en God se ellende waarin Hy die woede en ellende wat vir sy kinders gewens word teen die leiers van hierdie self inkeer.

Dit is wat ons sal sien: vir hulle wat in hierdie roofekonomie die land geplunder het sal hulle aanhitsings teen ander die geweld teen hulle self word.

Daarom kan ons rustig kyk hoe hierdie storm opsteek en losbars.

9. God maak ons in hierdie ellendevan hierdie droogte  ribbokke met vlugtige voete! Ons weet die El Nino is God se El  Nino en die vruggebruik van hierdie wêreld is God se voorsienigheid.

Daarom aanvaar ons die swaarkry van verliese en ontbering as deel van toewyding aan God en nie as 'n magstryd van God teen mense of mense teen mekaar nie.

Dit verhef ons bo en buite hierdie magstryd om ons besig te hou met ons diens en toewyding aan God binne die droogte en die ellende van hierdie droogte.

Dit is hoe regverdiges deur hulle geloof leef in die oordeel van God deur droogte oor die roofekonomie van die goddeloses.

10.Wie kan in hierdie geloof rustig leef?

Die antwoord is die regverdige! Wie is die regverdiges? Dit hoor ons duidelik in Galasiërs 3: 11 waar Paulus hierdie teks aanhaal: “En dat niemand op grond van die wet geregverdig word nie is duidelik, want “die regverdige sal uit die geloof leef.”

Wie van ons is regverdiges?

Sou u nou weer u self en ander meet aan die wet van God, dan is niemand regverdig nie. Dan moet ons saam met elkeen wat deel is en was onsself onder die komende oordeel waarin God hierdie roofekonomie gaan ontbloot en vernietig stel: want elkeen van ons oortree op een of ander manier die wet van God.

Dit is dan ook die  manier waarop daar nou al orals gebed dae gehou word: mense bekla nie hulle nood oor komende verlies en ontbering in die geloof dat hulle nie deur God geoordeel word nie.

Hulle is besig met die selfkastyding en selfverminking dat hulle voor God kerm en met vrees en angs voor Hom verskyn vir sondes en oortredings.
Met hierdie manier van bid, bid hulle saam met al die mense wat juis die land kaalgestroop het met hulle roofekonomie en nou die gevolge van hulle eie magtigheid wil ontkom!

Bid ons só dan is dit niks anders as ŉ erkenning dat ons saam gewerk het aan die ineenstorting van die ekonomie nie.

En dit is nie waar nie. Ons huise se mure en dakke skreeu nie van die geknoeiery van hierdie mense wie se eie mag hulle god is nie.

11.Wie rustig in hierdie in hierdie geloof kan leef is hulle wat deel is van die verlossing wat Habakuk aankondig in 3:13 “U trek uit tot redding van U volk, tot redding van U Gesalfde.”

Paulus wys dat hierdie redding is die regverdigmaking deur Jesus Christus.

Ons is die regverdiges omdat Jesus Christus vir ons as die onregverdige gely en gesterf het. Hy is deur God vervloek aan die kruis met die vloek wat ons moes dra. Daarom sal God ons altyd seën met die goedheid wat Jesus moes kry vir sy gehoorsame lewe.

In die kruis van Christus sien ons dat ons deur God geregverdig is en dat God ons nooit sal vervloek vir enige sonde wat ons doen nie.

Daarom kan die ellende van hierdie droogte en die geweld wat dit gaan ontketen omdat God hierdie roofekonomie kan ontbloot en waarskynlik vernietig, nooit God se vloek en oordeel ons as sy kinders wees nie.

Wie in die kruis Christus se vervloeking van sy sonde sien en glo, kan nooit weer die moeilike wat God oor ons laat kom as straf, oordeel en vervloeking sien en glo nie.

Ons wie in Christus glo is die regverdiges omdat ons geregverdig is.

12.Daarom is ons die mense wat uit die geloof kan en moet leef:

die geloof wat ons rustig na op die dag waarin God hierdie ontbering oor die gemeenskap gaan bring kan geduldig wag sonder vrees en paniek,

die geloof waarin God ons die kuns gaan leer om soos ribbokke bokant die geweld en die magstryd steeds vas en seker te kan bly leef in die kuns hoe om God te dien deur die arbeid waarmee ons besig is.

Ons mag nie dat die swaarkry van hierdie ontberings en verliese ons in ons eie gemoed gelykstel met hulle oor wie God se oordeel gaan afbring nie.

13. Wil u werklik só bid in hierdie nood?

Soos mense van wie die mure en dakbalke van hulle huise uitroep dat hulle gebou is met die geknoeiery van hierdie eiemagtige mense wat net hulle eie mag aanbid?

Hoe kan ons saambid met mense wie hulle eie mag aanbid?

Ons nood is totaal iets anders as die paniek waarin hierdie mense se god hulle dompel. Hulle paniek is dat hulle mag nie ŉ god was of is nie en hulle nou ontbloot staan voor die God van El Nino, Jesus Christus die Here.

Hulle paniek is dat hulle god van mag het hulle in die hoogmoed en geweld laat leef dat hulle bokant wet en orde verhewe is. Hulle god was die god wat hierdie land gemaak het soos Israel in Habakuk se tyd:

Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word getwis en baklei. Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor goeies en so word die reg verkrag. 1: 3 en 4.

Dit is hoe hulle magsgod hulle laat leef het, en nou dat hierdie magsbeeld deur die Here Jesus met ŉ droogte vernietig moet ons maak asof ons deel van hulle paniekgebede vir hulle magsgod is?

14.Ons nood is die nood van regverdiges. Gelowiges wat deur die Gesalfde regverdig gemaak is aan die kruis.

Ons nood is nie die oordeel, straf en vervloeking van God vir ons sonde nie. Hoe kan ons glo dat Jesus ons vloek aan die kruis gedra het maar nog in die droogte en verliese die vloek van God raaksien?

Ons nood is ook nie die geweld wat teen ons gefokus gaan word omdat ons ŉ aanklag is in die gewete van mense wie se mag hulle god dit Sy wapen teen hulle maak.

Ons nood is net te kort van ons eie kragte en wysheid!

Ons mag is nie ons eie god nie en daarom is ons op die Here aangewese om ons die krag en wysheid te gee om in hierdie druktyd te kan leef met die dapperheid om geduldig op die dag van verlies te wag en om met die krag van 'n ribbok op hoë plekke te loop

Hiervoor kan ons in die sekuriteit en sekerheid van God se liefde Hom elke dag in hierdie nood aanroep:

Here gee ons die krag van 'n ribbok om deur hierdie stormgeweld seker te kan trap in U diens , want self het ons nie hierdie krag nie.

Here wys ons die hoë plekke bokant hierdie mense se gespartel met hulle eiemagtigheid, want ons weet nie self waar dit is nie.

Here, gee ons die innerlike sterkte om dapper te wag op die verliese en te korte in die wete dat U ons sal seën.

Here, wys ons u om hierdie verliese en tekorte te dra op so manier dat ons en ons kinders vir U diens behoue kan bly.

Ons bekla ons nood in die geloof waarin ons leef: God vervloek ons nie vir ons sonde nie. Hy seën ons ook nie vir goeie dade nie. Hy seën ons omdat Hy ons Goeie Vader is en Hy sal alle kwaad altyd so laat gebeur dat dit ons ten goede sal wees.

Kom ons bid soos regverdiges bid en laat ons nooit in die gekermsaamgaan van hierdie mense wie se god hulle mislei het deur die geloof in hulle eiemagtigheid nie.

Kom ons leef in hierdie dreigende verliese uit ons geloof!

Skrifuitleg notas.

- Habakuk: Optrede van profeet tussen 608 v.C. tot so ongeveer 598 v.C.
- Onder die tirannie van Jojakim om mag te behou onder die druk van Babilonië, materialisme en wetteloosheid.
- As prediker worstelaar met God stel nood van volk met smeekgebede aan God. Ten spyte van aanvegtinge hou hy onwrikbaar aan God se beloftes vas.
- Klag oor onderdrukking en geweld, lyding van wetteloosheid…
- Wetteloosheid gaan oor “hulle wie se krag hulle god is. 1:11.
- Wie in hierdie magstryd deel neem word die slagoffer van die mees wettelose mag: Babilon.
- Materialisme gaan oor die roofwins van magtiges.

- Protes van geloof: God is magtige wat sy wil laat geskied.
- Daarom neem toevlug tot God in sy voorsieninge beskikking.
- profeet “sien” openbaring van die Here. Geloofskennis.
- In mees hopelooste menslike situasie kan in godsvertroue God loof.
- Paulus haal Habakuk aan in Gal. 3: 11 en Rom.1:17 , dit is Hab.2:4. “Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.”
- 3 verse 17-19 is die uitbouing of toepassing van 2: 4 – so leef die regverdige uit sy geloof in verlies van magtiges se plundering.
- “hoogtes” veilig bo magspel van goddeloses.

Prediking notas.

- Die nood van die droogte bring die werklike lyding van boerdery onder ŉ vyandige owerheid aan die orde.
- Droogte as wapen teen boere gebruik in sug na onteiening.
- Die regverdige is nie deel van die magstryd: “my krag is my god nie”.
- Die geloof om jou nood by God self te bekla en jou nood teenoor God uit te stort as deel van die vreugde dat as God steeds getrou God is in my nood en verlies.
- My nood en verlies stel my nie voor God as ŉ onregverdige wat onder die oordeel en straf van God is nie.
- Gaan oor die verskil om jou nood by God te bekla as regverdige en nie om jou self voor God te vervloek nie.